
# Gouelokkies en die drie bere



Deur: Angelique Twiss Illustrasies deur: Helga Hoveka



Die pap was te warm.



Daarom het die drie bere 'n entjie gaan stap.



Gouelokkies het die bere se huis gesien.

Sy het daar ingegaan.



Gouelokkies het aan al die borde met pap geproe.

“Ek hou van hierdie pap, dis net reg,” sê sy.



Gouelokkies het al die stoele uitgetoets.

“Ek hou van hierdie stoel, hy’s net reg,” het sy gesê.

Ag nee, die stoel het gebreek!



Gouelokkies het op elke bed gaan lê.

“Ek hou van hierdie een, hy’s net reg,” het sy gesê.

Gouelokkies het vas aan die slaap geraak.

Die drie bere het by die huis aangekom.



"Wie het my pap geëet?" vra Mamma Beer.




"Wie het my stoel gebreek?" vra Baba Beer.



Die drie bere het met die trappe opgegaan.

"Wie is jy?" vra Pappa Beer.



Gouelokkies het die bere gesien en haar byna boeglam geskrik!

Sy het gehardloop en gehardloop al die pad tot by haar eie huis.



© 2014 Wordworks